7. Ek leef met *buddies* in my gesin

Buddies 3

Bybelgedeelte
1 Korintiërs 10:31; Eksodus 20:12; Romeine 12:3; Efesiërs 4:31-32; Spreuke 6:6

Kerngedagte
Ek leef met *buddies* in my gesin.

Kernvers
Eksodus 20:12 'Eer jou vader en jou moeder ...'

Terugvoering van verlede keer

Met jou ouers/ voogde: Wat het jou ouers/ voogde gesê toe jy met hulle oor die woord 'KERK' en jou R(eik uit)-geskenk gesels het?

Ander aktiwiteit: Het jy onthou om jou klein R(eik uit)-geskenk saam te bring om te wys dat jy na jou *buddies* by die kerk uit-Reik?

Bybelboeke: Kom ons kyk of almal die boeke van die Bybel tot by Esegiël ken.

Aktiwiteite

1. Noem net een ding wat vir jou interessant met vandag se boodskap was.

2. Die manier hoe gelowige kinders met *buddies* in die gesin moet leef, kan met elkeen van die letters van die woord 'GESIN' verduidelik word. Skryf langs elke letter hierna neer wat daardie woord(e) is wat sê hoe 'n gelowige kind met sy *buddies* in sy gesin moet optree.

G	
E	
S	
I	
N	

7. Ek leef met *buddies* in my gesin

3. Skryf twee dinge neer wat jy in jul gesin gaan doen om **G**od oor jou te laat glimlag?
   1.
   2.

4. Skryf twee dinge neer wat jy in jul gesin gaan doen om jou pa en ma/ voogde te **e**er?
   1.
   2.

5. Kyk in jou Bybel en skryf die woorde van Eksodus 20:12 hieronder neer wat uitgelos is:

   '_____ jou _____ en jou _____ ...'

6. Skryf twee dinge neer wat jy in jul gesin gaan doen om te wys dat jy **s**elf nie die belangrikste is nie?
   1.
   2.

7. Skryf twee dinge neer wat jy in jul gesin gaan doen om te wys dat jy **i**rritasie in die gesin wil wegvat.
   1.
   2.



8. Skryf twee dinge neer wat jy in jul gesin gaan doen om te wys dat jy nie lui of onbelangrik is nie, maar **n**odig is.
   1.
   2.

9. Elke kind kan nou vir hom 'n geskenk uit sy groep se R(eik uit)-boks haal!

Tuisaktiwiteite

Met jou ouers/ voogde: Vertel vir jou ouers/ voogde wat die woord 'GESIN' vir *buddies* in die gesin beteken. Skryf ook vir hulle 'n mooi brief om te sê hoe lief jy vir hulle is en sit dit onder hulle kopkussing.

Ander aktiwiteit: Probeer om al die dinge by 3 tot 9 in jou gesin te doen om te wys dat jy soos 'n gelowige kind in die gesin wil lewe.

Bybelboeke: Leer die volgende boeke van die Bybel, saam met dié wat jy reeds geleer het, vir volgende keer: Daniël, Hosea, Joël, Amos en Obadja.

Onthou: Bring jou Bybel, Kletsboek en skryfding volgende keer saam.